# Nuuskrummels




Gelowegis. Inc. Lourensrivier-Strand 30 Oktober ‘25

# Hou jy van skinder?

"Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet." (Spreuke 18:21) Hierdie is 'n interessante teksvers, en word so baie deur mense aangehaal, maar wat beteken dit werklik? Dit beteken eenvoudig dat ons met ons tonge fisies dood kan spreek, of lewe kan spreek oor iemand of 'n saak. En "dood spreek", sluit ook in gewone ou menslike skinder.

In my omgang met kinders van God, het ek die afgelope ruk aan die volgende twee "definisies" van skinder gekom, wat dalk vir jou ook iets kan beteken, naamlik: indien dit wat ek aan persoon A vertel oor persoon B, gemelde persoon B in 'n negatiewe lig sal stel by persoon A, in hoe 'n geringe mate ookal, dan skinder ek oor persoon B. Wanneer ek dus met persoon A begin praat, moet ek myself die vraag afvra: "Sal dit wat ek nou aan persoon A gaan vertel, veroorsaak dat persoon A vir persoon B net dalk voortaan in 'n negatiewe lig gaan sien?" Indien die antwoord ja is, moet ek my eenvoudig fisies weerhou daarvan om dit aan persoon A te vertel.

Die tweede definisie, is dat ek skinder wanneer ek persoon B se getuienis "steel". Hoe doen ek dit? Kom ek gebruik die volgende voorbeeld: Koos drink baie en slaan sy vrou gereeld. Hy gaan sien 'n vriend, Piet en deel die probleem met hom. Intussen ontmoet Koos die Here en God bevry hom geheel en al van die probleem. Piet, wat die hele pad saam met Koos geloop het, vertel vir Gert in presiese detail wat Koos se vorige probleem was en wat met hom gebeur het, want hy is baie opgewonde oor SY aandeel in Koos se bevryding.. 'n Paar dae later loop Piet vir Gert raak en in sy opgewondenheid, wil hy vir Gert vertel wat God vir hom gedoen het, en Gert sê: "O, ek weet dit reeds, Piet het my vertel." Wat het Piet dus gedoen? Hy het Koos se getuienis "gesteel", hy het oor Koos geskinder! Wat moes Piet eerder gedoen het, vra jy? Hy moes net vir Gert gesê het, indien Gert daaroor sou vra: "Weet jy, ou Koos het 'n probleem gehad, maar prys die Here dat Hy hom van alles verlos het! Hou net aan bid dat die Here Koos veilig op sy nuwe pad sal lei." Vriend, so moet ek en jy in elke geselskap waarin ons ons bevind, die vraag afvra of ek in daardie geselskap enige persoon waaroor ons gesels het, se getuienis steel, en of ons daardie persoon moontlik in 'n negatiewe lig kan stel by enigiemand anders wat daar teenwoordig is. Indien wel, moet ek dit NIE spreek nie. Weet jy, al bedoel ek dit hier diep binne my ook HOE goed!

So hoor ek 'n ruk gelede die volgende staaltjie, wat die hartseer rondom skinder baie duidelik uitbeeld. 'n Ou vroutjie woon in 'n klein plattelandse dorpie, waar sy bekend is daarvoor dat sy oor alles en almal skinder. Op 'n dag gee sy haar hart vir die Here. Baie opgewonde gaan sy na die predikant toe en vertel vir hom van haar besluit. Sy vra hom toe ook wat sy moet doen om haar skinderstories van die verlede ongeldig te kan maak. Hy gee haar toe opdrag om die volgende week een van haar hoenders te vang en aan hom te bring. Sy maak toe so. Die predikant gee haar toe opdrag om die hoender die volgende week te slag en die vere in 'n sak vir hom te bring. So gesê, so gedaan. Die volgende week is sy daar met die sak vere. Daarop sê die predikant aan haar om in die dorpie se hoofstraat af te loop en die vere in die straat te strooi, wat sy dan ook doen. Die volgende week is sy terug by die predikant om te hoor wat sy nou nog moet doen om ontslae te raak van die ou skinderstories. Die predikant sê toe aan haar om die vere wat sy die vorige week gaan strooi het, weer op te tel. Verontwaardig sê sy dat dit tog onmoontlik is! Daarop is die predikant se antwoord aan haar: "So is dit ook met die skinderstories wat jy al die jare versprei het." Jy sien, dit is die hartseer van skinderstories, wanneer hulle gespreek is, is hulle uit en kan nie teruggetrek word nie.
Al wat dit werklik ongedaan kan maak, is totale vergifnis, soos Christus ons vergewe het. Kyk ook hoe duidelik stel Spreuke 20:19 hierdie aspek vir ons: "Wie met kwaadsprekery omgaan, maak 'n geheim openbaar; laat jou dus nie in met een wat sy lippe laat oopstaan nie." Ons moet ons dus fisies nie eens ophou met iemand wat bekend is dat hy maklik stories versprei nie.

'n Ander vers wat amper woordeliks dieselfde is, maar wat die hele oplossing hieroor openbaar, is Spreuke 11:13: "Die wat met kwaadsprekery omgaan, maak 'n geheim openbaar, maar hy wat betroubaar is van gees, BEDEK 'n saak."
En ook die woorde van Spreuke 29:20: "Het jy 'n man gesien wat haastig is in sy woorde? Vir 'n dwaas is daar meer hoop as vir hom."

En, ter afsluiting, die baie bekende ou woorde van Jakobus 1:19: "So dan, my geliefde broeders, elke mens moet GOU wees om te HOOR, STADIG om te PRAAT, stadig om toornig te word." Ek kan net vra, Here vergewe my vir die kere wat ek iemand se geheim geopenbaar het in stede daarvan om dit te bedek, vir die kere wat ek haastig was in my woorde, vir die kere wat ek haastig was om te praat en stadig om te hoor! Lei my asseblief voortaan anders Here!
Vriend, kom ons begin leer om as kinders van God "betroubaar van gees" te wees en om mense se sake te BEDEK. Kom ons wees mense wat met 'n geheim vertrou kan word. En indien ons iemand tenagekom het met enige skinderstorie, moet ons daardie persoon om vergifnis vra, waarna ons die pad moet loop wat God wil hê ons moet loop. Kom ons gebruik ons tonge om LEWE in mense se lewens te spreek, anders is die Bybel baie duidelik dat ons baie beslis uiteindelik die vrugte sal pluk van dit wat ons spreek.
Geleen - tiaan gildenhuys – 26/11/2001

# Voorbidding

**Voorbidding vir Ds. Derick vir die Sondagboodskap**

**Voorbidding:**
- Doempie Steyn
- Annalise Beukes
- Michiel Kritzinger
- Marie Vermeulen
- Johanna van Greunen
- Suzette Reed
- Alton Dalton
- Deon Dixon
- Langie Langenhoven

- Ons hart gaan uit na alle ander siekes en anonieme gebedsversoeke.
- Spesiale voorbidding vir Huis Jan Swart se inwoners en personeel.
- Bid asseblief vir die haweloses.

**Ons nooi julle hartlik uit om saam met ons in gebed te tree voor die Erediens in die Gebedskamer.**

**Elke Sondag**
**08:30 - 08:55**

## Ons Dagboek

| | |
|---|---|
| 24 Okt - 8 Nov | • Feesmark |
| 16 November | • Belydenisaflegging |
| 23 November | • Nagmaal |
| 7 Desember | • Kerssangdiens |

NGK Lourensrivier - Strand

# FeesMark

## 24 Oktober - 8 November ‘25

**‘n Groot verskeidenheid van:**
**Geskenke | Klere | Juwele | Dekor |**
**Eetgoed | Plante | Leer- en Houtprodukte**
**& vele meer.**
**Sorgvuldig gekies vir kwaliteit en**
**bekostigbaarheid.**

***Restaurant***

***Barista***


Hoek van Da Gama & Broadway Blvd,
Strand

lourensrivierfeesmark@gmail.com

079 526 5342 | 021 853 5991


Maandag - Vrydag: 09:00 - 19:00
Saterdag: 09:00 - 16:00

**Ons is nou Kontantloos**
**Slegs Kaartbetalings**
**word aanvaar**




Skoenveters



Gehekel met Liefde




Versier my mooi



Protea Genot




Leer met Speel




Juffrou bederf



Resin Prag



Sented Clay Bath




Rokkies



Barbie



Barbie




Kouspoppe











Sement Potjies



Geverf met Liefde



Indulge in Bath Cream




Braaikamer bederf



Glutin vry Beskuit




Dagstukkies



Mandjies



Coolerbags



Glutin vry Beskuit




Porthie



Bath Scrubs & -Cream

**Kom loer gerus**
**Ons het die mooiste geskenke**
**vir die hele familie**

## SMASH BURGERS

| | |
|---|---|
| Classic Cheese | R80 |
| Chilli Bomb | R90 |
| Piggy | R90 |
| Chicken | R80 |

## LEKKA EATS

| | |
|---|---|
| Chicken Strips 5x | R70 |
| Chicken Wrap | R80 |
| Beef Loaded Fries | R65 |
| Sausage Roll | R50 |
| Mince Jaffel | R40 |
| Chicken Quiche with Mushroom Sause | R65 |
| Lekka Chips | R40 |

## SALAD BOWL

| | |
|---|---|
| Greek Salad | R50 |
| Chicken Salad | R60 |
| Chef's Salad | R65 |

ask waiter for the Chef's Salad of the day

NGK Lourensrivier - Strand

# FeesMark Restaurant

**All Meals Served with Fries or Salad**

**Mon-Fri 10:00 - 18:00**
**Sat 10:00 - 15:00**

Thank you to:

**Restaurant** **Barista**

## TOASTIES

served on "Plaasbrood"

| | |
|---|---|
| Ham, Cheese, Tomato | R50 |
| Ham, Chees | R45 |
| Chicken Mayo | R60 |
| Bacon, Egg, Cheese | R65 |

## DESSERTS

| | |
|---|---|
| Wortelkoek | R55 |
| Chocolate Cake | R55 |
| Peppermint Crisp Tert | R45 |
| Melktert | R40 |
| Kaaskoek | R55 |
| 1x Pannekoek | R12 |
| Malva Pudding | R40 |
| Brownie met Roomys en Sjokoladesous | R50 |
| Waffle with Ice Cream | R55 |
| Half Waffle with Ice Cream | R40 |

## EVERYDAY SPECIALS

| | |
|---|---|
| Slice of Cake with Tea | R65 |
| Slice of Tart with Tea | R60 |
| Sausage Roll & Fries with Tea | R50 |

## MEAL OF THE DAY

**MONDAY**

| | |
|---|---|
| Cottage Pie with Salad/ Veggies | R80 |
| Butter Chicken with Yellow Rice & Veggies | R80 |

**TUESDAY:**

| | |
|---|---|
| Curry & Yellow Rice with Salad/ Veggies | R80 |
| Chicken Pie, Fries/Salad | R80 |

**WEDNESDAY:**

| | |
|---|---|
| Beef Lasagne with Salad/Veggies | R80 |
| Grilled Chicken, Salad and Fries | R80 |

**THURSDAY:**

| | |
|---|---|
| Bobotie & Yellow Rice with Salad | R80 |
| Baked Spaghetti Bolognaise with Salad | R80 |

**FRIDAY:**

| | |
|---|---|
| 1x Classic Cheese Burger, Fries/Salad | R80 |
| or 2x for | R140 |
| 1x Crumbed Chicken Burger, Fries/Salad | R80 |
| or 2x for | R140 |
| Pulled Pork on Panini Sandwich with Fries/Salad | R80 |

**SATURDAY:**

| | |
|---|---|
| 1x Classic Cheese Burger, Fries/Salad | R80 |
| or 2x for | R140 |
| 1x Crumbed Chicken Burger, Fries/Salad | R80 |
| or 2x for | R140 |
| Chicken Schnitzel with Cheese & Mushroom Sauce, Fries/Salad | R85 |

## Drinks

| | |
|---|---|
| Rooibos Tea | R25 |
| English Tea | R25 |
| Ice Tea | R20 |
| Coke, Fanta, Cream Soda | R20 |
| Juice | R20 |
| Water Still | R20 |
| Water Sparkling | R20 |

Thank you to

**Restaurant** **Barista**

## Coffee

served until 16:45

| | |
|---|---|
| Cappuccino Tall | R38 |
| Cappuccino Regular | R34 |
| Americano Tall | R34 |
| Americano Regular | R30 |
| Chai Latte Tall | R38 |
| Chail Latte Regular | R34 |
| Cortado | R34 |
| Dirty Chai Tall | R44 |
| Dirty Chai Regular | R39 |
| Flat White Tall | R40 |
| Flatt White Regular | R38 |
| Espresso Double | R28 |
| Espresso Shot Extra | R10 |
| Hot Chocolate Tall | R38 |
| Hot Chocolate Regular | R34 |
| Latte Tall | R38 |
| Latte Regular | R34 |
| Mocha Tall | R42 |
| Mocha Regular | R38 |
| Red Cappuccino Tall | R38 |
| Red Cappuccino Regular | R34 |
| Coffee Beans 1k | R360 |

# Kerssangdiens

## 7 Desember '25 | 09:00

Met trots aangebied deur:

Dinamiet Kiedz en Beloftelanders | Lifeline Jeug



# Aanbidding en Barmhartigheidsbediening

**1: <u>Terug-Skool-Toe:</u> skenk van skryfbehoeftes aan skoliere in Januarie '26**

**Wat word benodig?**

- Blou pen
- Potlood - H (nie HB nie asb.)
- Uitveër
- Skerpmaker\Kleurpenne
- Inkleurpotlode of -kryte
- Sker
- Pritt of soortgelyke gomstiffie
- "Flipfile" - met 10 of 20 sakies



**Navrae: Lemari Fourie 082 692 9086**

Terug Skool Toe

Splish Splash

Kersfees in November

Winterwarm in Julie

Operasie 6060

---

***Verhuis julle na 'n ander dorp?***

*Ons wil graag as Gemeente kan totsiens sê aan julle.*
*Skakel die Kerkkantoor en laat ons asb. weet.*








# Broodsakkieknippies en bottelproppies vir Rolstoele

**Wil jy ook help om 'n verskil te maak?**
**Begin vandag deur jou broodsakkieknippies bymekaar te maak en dit by die Kerkkantoor af te gee.**
**Met hierdie eenvoudige bydrae help jy om Hoop en Waardigheid te bring aan iemand wat dit baie nodig het.**

Die is 'n deurlopende projek






**Die volgende persone se Lidmaatskap is ontvang. Baie Welkom hier by ons**

Jurie Voight
Zanlie Voigt

Adriaan Sadie
Martie Sadie
Mynhart Sadie
Madelein Sadie

Philip Giliomee
Marieke Giliomee

Freddie Venter
Tokkie Venter
Reuben Venter
Vidette Venter

Leonie Burnett



**Die BERG- EN SEEKLUB VIR SENIORS**
**kom op Donderdag 6 November '25 om 09:50 by die NG Moederkerk in Andries Pretoriusstraat in Somerset-Wes bymekaar.**
**Ds Sulet Brummer sal by hierdie geleentheid 'n Kersboodskap lewer ter afsluiting van ons bedrywighede vir '25..**
**Kom geniet gerus 'n lekker koppie tee of koffie en goeie geselskap vanaf 09h:15. Almal welkom.**
**Vir verdere navraag:**
**Naas du Preez**
**027 82 804 1729 | E-pos: ndupreez022@telkomsa.net**

Kom geniet die oggend saam met

Helderberg Seniorklub

DATUM: 4 November 2025

VENUE: Helderberg Gemeente

Firmountweg 82 Somerset Wes

TYD: 09:00

KOSTE: Gaste welkom

R120.00 (Sluit in koffie/tee en verversings)

SLEGS KONTANT

GASKUNSTENAAR:

VERNON BARNARD

Die Blinde Sanger

"The Voice" finalis

NAVRAE: Apolonia Maritz 0825077091

# Lifeline Jeug

**Markus 1:1 DIE begin van die evangelie van Jesus Christus, die Seun van God.
Jesus was nie net 'n profeet nie, of 'n goeie leraar nie,
Hy was (en is nog altyd) ons Here.**

**Hoërskool leerders:**
Sondae 17:30 - 19:00 by die kerk, of soos gereël met Attie. Ons gaan weer lekker "Social, Praise & Worship" en dan in ons klasse inbeweeg.

**Belydenisklas:**
Ons kom Sondae om 17:30 by die kerk bymekaar.
Graad 11's en ouer, wat nog voorgestel moet word is baie welkom om by ons aan te sluit.

## Vir meer inligting skakel gerus vir Attie - 079 442 2230



## DIE SEËN OOR ONS 2025-MATRIEKKLAS

*(Retief Burger en Riana Nel)*

Die Here seën jou, en bewaar jou
Skyn Sy aangesig oor jou, mag Hy genade bewys
Die Here draai Sy gesig na jou
Mag Hy jou vrede gee

Mag Sy guns rus oor jou lewe
En 'n duisend generasies
Jou familie, en jou kinders
En hul kinders, en hul kinders



Mag Sy vrede jou vooruitgaan
Agter jou staan, en langs jou staan
Dit omring jou, Hy is in jou
Hy is met jou, Hy is met jou

In die oggend, en die aande
In jou doene, en jou late
In jou hartseer, in jou vreugde
Hy is vir jou, Hy is vir jou

In jou leer vir eksamen en dinge van die grootmenslewe
Hy omring jou met goeie oordeel en vermoë om ook te vergewe.
Hy is vir jou, Hy is met jou
Hy is in jou, Hy is in jou.



AMEN

# Dinamiet Kiedz en Beloftelanders

***Voorskool & Laerskool, elke Sondag 09:00 tot 10:30 tydens skoolkwartale. Navrae: Karin 083 643 0653 Ons kom eers almal in die kerk bymekaar en sal dan verdaag word na die saal.***

## 4de Kwartaal

**Ons hoop julle het elkeen heerlik uitgerus gedrurende die vakansie? Ons het 'n propvol program vir die 3de kwartaal uitgewerk en is baie opgewonde om dit saam met julle te deel**

## Program

| | |
|---|---|
| 19/10 | Kinderkerk |
| 26/10 | Konsistorie |
| 02/11 | Konsistorie |
| 09/11 | Kinderkerk |
| 16/11 | Woon Belydenisaflegging by |
| 23/11 | Kinderkerk |
| 30/11 | Gemeente Piekniek<br>Kinderkerk-prysuitdeling |
| 07/12 | **Kerssangdiens**/Afsluiting<br>alle kinders moet asb bywoon |

## Beloftelanders (voorskool)

Tydens die kerkdiens: (09h00 - 10h30). Alle kinders tussen 3-6 jaar is welkom

Ons verkondig die Evangelie d.m.v. Odos, CEF en Kidz Express se materiaal.

Al ons lessies word prakties gedoen, ons speel lekker en vier ook ons verjaarsdae saam;

Ons nooi alle mammas en pappas om ons klasleier een Sondag per kwartaal te kom help met die aanbied van die Sondagklassies.

Vir navrae kontak: Karin Kuys @ 083 643 0653

## Dinamiet Kiedz (gr 1-6)

Ons bring graag die Evangelie aan die kinders, help hulle om geestelik te groei en moedig hulle aan om die Goeie Nuus met ander te deel deur persoonlike getuienis & dienslewering tydens uitreike na ouetehuise, skole, ens.

Dan is daar natuurlik Gemeente Piekniekse, Kampe, Ken-mekaar braaie met die ouers en nog baie heerlike projekte.

Vir navrae kontak: Karin Kuys @ 083 643 0653

## Tienerkerk (gr7)

Lesse wat kinders help om getuies te wees tot in die uithoeke van die wêreld. Die kinders gaan op 'n leersame en opwindende reis om meer oor dissipelskap te leer.

Ons kom elke Sondag vanaf 09:00 tot 10:30 in "Die Gat" (vertrek onder verhoog) bymekaar.

Vir meer inligting, skakel gerus vir Liesbet @ 073 630 0268

Jy kan ook jou **Dankoffer en Bydrae**s vir die gemeente deur die ZAPPER selfoon toepassing gee.

**Bank inligting:**

Lourensrivier Gemeente ABSA (Strand)

Takkode: 334-312

Reknr.: 420 580 231

Verwysing: naam en van

e-pos aan: fin@lourensrivier.co.za

zapper
pay with
VISA
and many more
www.zapper.com
scan to pay this bill

Kontak die kerkkantoor om in te skakel, of vir meer inligting: 021 853 5991

**RAPHA VROUE**
Elke tweede Maandag.

**SENIOR MANNE**
Woensdae 08:30 voor in kerk

**VROUEGROEP**
Woensdae 09:00 in die gebedskamer

**MANNEGROEP**
Vrydae 05:30 in die Konsistorie

**Kontak ons gerus : 021 853 5991**
Predikant: Ds. Derick Boonzaaier
derick@lourensrivier.co.za

**Admin kantoor-ure**
Maandag: 09:00 - 14:00
Dinsdag - Donderdag: 08:00 -14:00
Vrydag: 08:00 -13:00
Skriba: admin@lourensrivier.co.za

**Finansies kantoor-ure**
Maandag: 09:00 -12:30
Dinsdag - Vrydag: 08:00 -12:30
Finansies: fin@lourensrivier.co.za

**BESOEKERS / NUWE LIDMATE**
In die voorportaal is 'n boekie waarin jy jou besonderhede kan aanteken.

As jy 'n **GEBEDSVERSOEK, of 'n HUISSBESOEK VERLANG,** vul dit ook in die boekie in.
Of stuur jou navraag/versoek na admin@lourensrivier.co.za
Kontak Ds. Derick direk vir enig besoeke of afsprake 082 333 6012

:

Stoor (save) asb. die nommer op jou selfoon - anders kan jy dalk nie die boodskappe kry nie
***Lourensrivier-WhatsApp Groep***
Stuur 'n WhatsApp met jou naam na
Ds. Derick: 082 333 6012 of
Lémari: 082 692 9086
as jy op die kerk se WhatsApp groep wil wees.

Lourensrivier-Strand

SHOP LOCAL

# ONDERSTEUN asb. PLAASLIK voordat daar niks meer PLAASLIK is om te ondersteun nie.


MSA
MARIUS STENEKAMP
ATTORNEYS
Unit 2, Little Greece
George Str, Strand
P.O. Box 1170, Strand, 7139
Tel: 021 837 1235/6
Fax: 086 274 2003
Cell: 084 448 4429
marius@stenekamp.co.za
www.stenekamp.co.za

CAM LIVE VISION
FOR ALL YOUR MONITORING AND SECURITY NEEDS
Cam Live Vistion Pty Ltd
Reg.no. 2010/003490/07 | PSIRA no. 2185751
info@camlivevision.co.za
021 851 6023
www.camlivevision.co.za
Jeremiah 29:11 & Esther 4:14

Secure SE
FIRM. FIXED. SAFE
Secure SE Pty Ltd
Reg.no. 2019/270620/07 | PSIRA no. 4606196
stephan@securese.co.za
084 499 5858
www.securese.co.za
Jeremiah 29:11 & Esther 4:14

VOLANTRA ORBITAL
The power to protect
Volantra Orbital Pty Ltd
Reg.no. 2014/183888/07 | PSIRA no. 2707006
info@volantra.co.za
021 851 6023
www.volantraorbital.co.za
Jeremiah 29:11 & Esther 4:14

Flaméros®
CHICKEN GRILL
187 Main Road, Strand
021 854 7774

FTH ACCOUNTANTS
The name you can ACCOUNT on
Floris Ter Haar
Professional Accountant (SA)
SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF PROFESSIONAL ACCOUNTANTS
Tel: 021 853 4266
Cell: 082 741 7076
Fax: 088 021 854 5741
E-mail: floris@fthacc.co.za
20 Conradie Street
Strand, 7140
Skype: fterhaar

Het jy hulp nodig om finansiële sekerheid te kry?
Sanlam
Willie Fourie
Senior Finansiële Beplanner
021 853 2179
082 468 1099
admin@arcani.co.za
Ek kan hiermee help:
- Finansiële beplanning
- Lewensdekking
- Ongeskiktheidsdekking
- Spaar en beleggings
- Aftreebeplanning
- Spaar vir opvoeding

Sanlam Lewensversekering Beperk is gelisensieerde lewensversekeraar, gemagtigde verskaffer van finansiële dienste en geregistreerde kredietverskaffer (NCRCP43).

HBP
HELDERBERG BUILD & PAINT
STUART JACKSON
082 872 6830 info@hbpconstruction.co.za
www.hbpconstruction.co.za

BeMyDollie
Popklere Doll Clothes
100% Homemade with Love
079 526 5342 @bmdollies